



1723

## **GRONDWET VAN DIE RABIE / RABE FAMILIEBOND** (Soos gewysig op 27 September 2014)

### NAAM

1. Die naam van die vereniging sal wees die Rabie / Rabe Familiebond, hierin later genoem die Familiebond.

### DOELSTELLING

2. Die doelstelling van die Familiebond is om kontak tussen die lede van families uit te bou om sodoende familietrots en – samehorigheid te bevorder.

### METODES OM DOELSTELLINGS TE BEVORDER

3. Die sameroeping van gereelde familiebyeenkomste;
4. Die instandhouding van familieregisters;
5. Die ontwikkeling van 'n familie argief;
6. Die handhawing van die familiebondwapen;
7. Die tot stand bringing van eie familiewapens deur die ontwikkeling van 'n unieke heraldiese erfenis; en om
8. Kontak met wêreldwye Rabie / Rabe families te ontwikkel.

### LIDMAATSKAP

9. Alle afstammeling en verwante van die volgende stamvaders, hetsy deur geboorte, aanneme of huwelik, is *ipso facto* lede van die Familiebond:

Christian Rabé van Leipzig in Sakse, 1723

Christianus Rabe van Kopenhagen, Denemarke, 1723

Siegfried Jacques Rabe van Schwerin in Mecklenburg, 1882

Johann Peter Heinrich Rabe van Alen by Soltau in Hannover, 1883

Johann Heinrich Rabe van Wohlde in Hannover, 1883

Hans Heinrich Rabe van Lutter, Hermannsburg, in Hannover, 1866?

Abraham & Samüel Rebe van Birzai, Litaue, 1860?

10. Erkenning word egter ook gegee aan die stamvaders waarvan die stamme uitgesterf het:

Christiaan Gotlieb Rabe van Garts aan die Oder, ±1763

Philippus Raab van Warthen in Silesië, Pruise, 1796?

Johan George Rabé van Amsterdam, Nederland, 1825?

11. Daar word nie aansoek om lidmaatskap van die Familiebond gedoen nie, dit is 'n geboortereg vir alle afstammelingen en 'n reg wat deur aanname of huwelik deur ander lede van die families verkry word.

## BESTUUR

12. Die bestuur van die Familiebond sal bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier en minstens drie ander lede.
13. Die lede van die Bestuur sal bestaan uit vrywilligers wat na vore kom. Die voorsitter sal uit hulle genomineer en verkies word. Sy termyn sal oor vyf jaar strek, tot die volgende Algemene Ledevergadering. Die voorsitter sal op bestuursvergaderings 'n beslissende stem hê. Vier (4) lede van die Bestuur sal 'n kworum vorm.
14. Die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris sal as dagbestuur optree.
15. Die Bestuur sal gereelde familiesaamtrefke reël en die plek, wyse en reëlmaat word aan die oordeel van die Bestuur oorgelaat.
16. Die Bestuur sal die volgende magte hê:
- 16.1 Om te koop, verkoop, huur, verruil en te ontvang by wyse van donasies of skenkings; en om fondse te belê in die Familiebond se bankrekening;

- 16.2 om in die algemeen te handel met die fondse van die Familiebond vir die voornemens en doel van die Familiebond;
- 16.3 om die prosedure van 'n vergadering van die Familiebond voor te skryf; en
- 16.4 om addisionele lede tot die Bestuur te koöpteer.

#### FONDSE VAN DIE FAMILIEBOND

- 17. Die Familiebond hef nie ledegeld nie aangesien lidmaatskap outomaties is.
- 18. Fondse, behalwe dié vir administratiewe kostes, word ingesamel vir spesifieke projekte / byeenkomste.
- 19. Donateurs, skenkers, borge en / of lede kan aandui vir watter doel gelde, deur hulle betaal, aangewend kan word.
- 20. Alle gelde word deur die Bestuur beheer.

#### ALGEMENE LEDEVERGADERINGS

- 21. Kennisgewing van vergaderings moet minstens twee (2) maande voor die tyd aan lede verskaf word.
- 22. Vergaderings sal nie as ongeldig beskou kan word indien lede per abuis nie kennisgewing van so 'n vergadering ontvang het nie.
- 23. Die lede teenwoordig by so 'n vergadering sal 'n kworum vorm.
- 24. Op elke algemene vergadering sal 'n finansiële verslag deur die Bestuur voorgelê word. Daarbenewens sal :
  - 24.1 die tesourier jaarliks 'n finansiële verslag aan die Bestuur voorlê en
  - 24.2 die Bestuur 'n opsomming daarvan vir enige lid, op navraag beskikbaar hê.
- 25. 'n Lid van die Familiebond het slegs een stem in 'n ledevergadering.
- 26. Stemreg word beperk tot persone van agtien (18) jaar en ouer.
- 27. Stemming geskied by wyse van 'n opsteek van hande.

28. Twintig familiebondslede sal die reg hê om 'n skriftelike versoek, met motivering, tot die Bestuur te rig dat 'n ledevergadering gehou moet word.
29. Hierdie Grondwet kan slegs by 'n algemene ledevergadering gewysig word.

#### ONTBINDING

30. Die Familiebond mag slegs op 'n besluit van 'n 2/3de meerderheid van lede teenwoordig, geneem op 'n ledevergadering spesiaal vir so 'n doel byeengeroep, ontbind word.
31. By ontbinding sal met die Familiebond se bates gehandel word soos deur die ledevergadering, waarop die Familiebond ontbind word, besluit is.

#### VRYWARING VAN LEDE

32. Die Familiebond vrywaar sy lede teen enige geding wat teen so 'n lid ingestel word wat direk voortspruit uit die bedrywighede van so 'n lid in belang van die Familiebond.
33. Enige in klousule 32 bedoelde geding moet teen die Familiebond ingestel word, wat die geding in eie naam sal voer.

#### ALGEMEEN

34. Geen amptenaar van die Familiebond sal enige vergoeding ontvang vir sy dienste aan die Familiebond nie, behalwe dat uitgawes aangegaan in belang van die Familiebond of lede vergoed sal word.
35. Alle bates van die Familiebond sal gevestig wees in die Bestuur van die Familiebond.
36. Vir die doeleindes van handeling met enige Familiebondbates of om uitvoering te gee aan die magte van die Familiebond sal die gekose Bestuur namens die Familiebond optree.

(Deur 'n Algemene Ledevergadering goedgekeur en ingestel op 25 September 2004)